**Skriflesing**: Die Bybel as Handleiding.
**Tema**: 2 Timoteus 3:10-4:5

Van die 27 boeke van die Nuwe Testament is byna die helfte, 13 om presies te wees, deur Paulus geskryf.
Ons lees in die 2 Timoteus brief iets van Paulus se "beroemde laaste woorde". Alhoewel ons nie kan sê dat hierdie brief Paulus se sterwensuitsprake is nie, is dit is sy laaste brief. Hierdie is laaste wyse woorde van man wat toegelaat het dat Here deur hom ‘n reuse verskil maak.

Hy skryf die brief in 64 na Christus, waarskynlik uit die tronk in Rome. Paulus weet hy gaan sterf, nie omdat hy terminaal siek is nie, maar omdat hy waarskynlik ter dood veroordeel is vanweë sy verkondiging van die evangelie en sy belydenis dat Jesus die Here is.
Hy sit eensaam in die tronk. Nou en dan kry hy darem 'n besoeker en hy het van sy boeke en skryfgoed by hom. Dit is onder hierdie omstandighede wat Paulus aan sy "geliefde seun" skryf. Vir oulaas gee hy sy bedieningsopdragte en -raad aan hom. En hy herinner hom aan die sake wat prioriteite in sy bediening moet wees.
In 67 na Christus, 3 jaar nadat Paulus die brief geskryf het, is hy waarskynlik deur Keiser Nero in Rome onthoof.

Vanuit die skrywe van Paulus kyk ons na die Bybel as Handleiding. En ons gaan by 3 vrae stilstaan.

**Waar kom ons Handleiding vandaan?**
Die hele Skrif is deur God geïnspireer.
Hoewel Paulus waarskynlik hier net Ou-Testamentiese boeke in gedagte gehad het omdat die Nuwe Testament toe nog nie bestaan het nie, kan die woorde net sowel op die hele Bybel van toepassing gemaak word. God self het gesorg vir alles wat in die Bybel staan. Dit is sy boodskap aan die wêreld. Die Heilige Gees het skrywers gelei om hierdie Goddelike waarheid neer te skryf.

**Wat staan in ons Handleiding?**
Dei Bybel gee ons kennis van redding en verlossing deur geloof in Jesus Christus.

Verdere waarde van sy Handleiding lê op 2 terreine, leerstellig en prakties. Met ander woorde, die Bybel leer ons om te leef.
Dit versterk die positiewe, dit wys ons hoe God wil dat ons moet leef. Dit is leerstellig - onderrig in die waarheid en prakties - kweek die regte lewenswyse.

Dit spreek die negatiewe of verkeerde aan. Dit is leerstellig - bestry dwaling en prakties - stel verkeerde lewenswyse reg.
Dit wys ons waar mense die pad byster geraak het en hoe ons hulle kan reghelp.

Die Bybel berei ons ook voor, dit vorm ons en rus ons toe vir elke goeie werk.

**Wat moet ons doen met God se Handleiding vir die lewe?**

Janine Coetzee van There4bedieninge het eenkeer die volgende boodskap van een van hulle vennote in die vervolgde kerk met ons gedeel: “Some think my ministry of Church planting in die Middle East is dangerous. They don’t know danger! What is dangerous is growing up trying to live the Christian live, but rarely opening the Bible! That is dangerous!

Ons moet die Handleiding lees en van klein af aan ons kinders oordra. Timoteus het ‘n Christen geword omdat sy ma en ouma gelowiges was.
Ons moet ook leer en leef wat in die Bybel staan.
Ons moet vir mekaar ‘n voorbeeld stel. In 2 Timoteus 3:10-11 noem Paulus 9 goed waarin Timoteus Hom moet navolg. Ek en jy moet ons kinders en mekaar kan oproep: “leef soos ek, leer soos ek, werk of kuier soos ek en wees lief soos ek.”

Ons moet die inhoud van die Handleiding verkondig, ook en veral wanneer jy vervolg word. Wanneer ons die waarheid leef en praat sal ons vervolg word. In Listra, Timoteus se tuisdorp, is Paulus met klippe gegooi en vir dood agtergelaat. (Hand 14:19) Timoteus het self in die tronk beland.

Hierdie dinge geld vandag nog. ‘n Toegewyde Christelike lewe het gevolge. Alles sal nie net maanskyn en rose wees nie. Wanneer jy die waarheid leef en praat, sal jy vervolg, uitgestoot, uitgelag en verdag gemaak word.

Te midde van al hierdie dinge moet ons bly getuig. Ons lees in 2 Tim 4:2-5 in die “Boodskap”:
2 Met God en Jesus as getuie sê ek vir jou: vertel vir almal die boodskap van God. Jy moet altyd reg wees om dit te doen, maak nie saak wanneer nie.
As ander ’n klomp onsin vertel, help hulle reg.
As hulle nie wil luister nie, praat kwaai met hulle en as iemand moedeloos is, praat hom moed in.
Wees geduldig terwyl jy mense stap vir stap help om God se dinge beter te verstaan.
Doen dit dringend want God is oppad.
3 Die tyd sal kom wanneer mense nie meer belang sal stel om na die waarheid te luister nie. Hulle sal eerder wil aanloop agter dinge wat vir hulle lekker is. Daarom sal hulle liewer na predikers toe stroom wat net vir hulle vertel wat hulle graag wil hoor.
4 Van die waarheid sal hulle niks meer wil weet nie. Nee, hulle sal baie meer hou van allerhande stories oor godsdiens wat mense sommer uit hulle duim gesuig het.
5 Maar jy moet nie dieselfde fout maak nie. Bly wakker en hou altyd kop. As dit jou in die moeilikheid bring, moenie bang word nie, moenie jou seile na wind span nie, maar hou aan om die mense van God te vertel, want dit is jou, en elkeen van ons, se werk.
En doen alles goed wat die Bybel van jou vra. So sal niemand ‘n vinger na jou kan wys nie.

Die Bybel is God se eienaarshandleiding vir elkeen van ons. Om die meeste uit die lewe te haal, moet ons dit lees, leer en leef. En ons moet getuig oor die lewensvernuwende nuus wat hierin staan.
Amen